# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 Nommer 25 29 Junie 2025

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS: SONDAG 29 Junie – Ds Neels Malan

**Skrifgedeeltes:** 2 Thessalonisense 2:1-17 (Ou vertaling), Heidelbergse Kategismus VA 127-129

Veg gelowig met hierdie drie waarhede in Christus se oorwinningstryd teen die Duiwel en die Antichris!

1. Al knoei die Satan agter die skerms en veroorsaak hy die Groot Afval: Christus oorwin, en ons is veilig!
2. Al laat die Satan die Antichris verskyn om Christus te probeer vervang: Christus oorwin, en ons is veilig!
3. Al vind die Laaste Veldslag tussen Christus se magte en die Satansmagte plaas: Christus oorwin, en ons is veilig!

## SONDAG 29 Junie 2025

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die Teologiese studentekas.

Die tweede kollekte Sondag 6 Julie is na die oggenddiens vir die Kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Ds Neels Malan**

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv skoolvakansie
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv skoolvakansie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 38 – Oudl Wimpie Steyn
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv skoolvakansie

**Geen Aanddiens nie**

## Diensbeurte Sondag 6 Julie 2025

Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv skoolvakansie
Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv skoolvakansie
Konsistorie Diensbeurt: Wyk 39 – Oudl Gert van der Walt
Diakonale Diensbeurt: Groep 4
Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv skoolvakansie

## VAN HUIS TOT HUIS

### Gelukwense:

**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***1 Julie***

- Br Len Dubery (083 301 6547) Wyk 23
- Br Danie J van Vuuren (082 826 2033) Wyk 39

***2 Julie***

- Br Neels Steenkamp (083 278 9432) Wyk 25

***6 Julie***

- Sr Gerda Arnold (072 595 1103) Wyk 34

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***29 Junie***

- Br Ignatius Fasen (082 554 4977) Wyk 32
- Br Hennie Stallknecht (079 699 0593) Wyk 41

***30 Junie***

- Br Pieter Theron (082 575 3751) Wyk 33

***1 Julie***

- Br Herman Henderson (082 924 0620) Wyk 8

***2 Julie***

- Jbr Ulrich Alberts (079 496 7965) Wyk 19

**Daar is geen huweliksherdenking die week waarvan ons bewus is nie**

### Lief en leed:

- Kayleigh Coetzee, (082 940 4820) Wyk 8, het die Nederlandse ekwivalent van Gr 12 geslaag. Sy gaan haarself verder bekwaam as ŉ fisioterapeut by Vista College.
- Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van sr Marietta Botha (Wyk 17). Ons innige meelewing met br Theunis (073 371 3141) en die familie in hierdie hartseer tyd. Mag die HERE julle vertroos en in die geloof versterk. Die troosdiens vir sr Marietta sal DV Saterdag 12 Julie om 11:00 vanuit ons kerkgebou geskied.

### neem kennis:

Dr De Wet sal vir die volgende twee Sondae (vanaf 27 Junie) met verlof sal wees. Enige dringende sake kan na die wyksouderlinge verwys word.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 22 Junie 2025**

| | |
|---|---|
| R 1697.00 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 1580.00 | Oggend: Deure/ Expando |
| R 230.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 156.00 | Aand: Deure/ Bystandfonds |

**SnapScan: 22 Junie 2025**

| | |
|---|---|
| R 1449.13 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 434.70 | Oggend: Deure/ |
| R 86.94 | Aand: Barmhartigheid |
| R 171.00 | Aand: Deure/ Bystandfonds |

## ***Beroepenuus***

<u>Beroep ontvang</u>

- Ds SB (Barend) van der Westhuizen van GK Ermelo na GK Benoni as medeleraar

## ***Koningskinders – Junie 2025 maandbyeenkoms***



Saterdag 21 Junie, op ‘n ysige koue oggend, het 50 kinders vir die maandbyeenkoms opgedaag. Hulle het sommer dadelik weggeval aan die klomp toebroodjies wat Sheila-Ann Joubert met liefde voorberei het. Binne ‘n oogwink is daar korte mette gemaak van die broodjies.




Ons is nog besig met die vrug van die gees en Clasina het die vreugde en vrede met die kinders bespreek. Ons moet vrede met onsself maak, onsself gelukkig maak en vreugde in ons lewens toelaat en ons kan dit slegs ervaar met die krag wat die Here vir ons skenk. Magda het die kinders laat saamsing en toe begin die verfwery. Sy het vir hulle ‘n aalwyn se blom saamgebring, hulle dit laat verf en aan hulle gesê dat die aalwyn met die vrug van die gees vergelyk kan word en die kleiner blommetjies verteenwoordig dan die liefde, vrede, vreugde ensovoorts. Voor ete is daar weer kat-en-muis gespeel.



Op die spyskaart was maalvleis-gevulde vetkoeke saam met appels, lemoene en regte Coca-Cola. Nadat almal na liggaam en siel gevoed is, het ons vertrek.

Dankie aan Madelyn Stander, Riaan de Bruyn, Marizel en Ignatius Fasen saam met die jongebroers Ludwig en Zander, asook vier ouers van die Koningskinders wat kom help het. Danksy die Here se voorsiening, krag en genade kan ons nog elke maand bymekaar kom.
Groete, Hannetjie Harris.

## ***Gedagte vir die week***



Ek het die Here lief, want Hy luister na my stem, my smeekgebed;
Ja, Hy draai sy oor na my, en solank ek leef, sal ek Hom aanroep.
Psalm 116:1

## *Liewe Gemeente,*

Om van julle afskeid te neem, was swaar. Julle waardering, liefde, trane, vriendelike woorde en ook nog geskenke en padkos het ons diep geraak. Hoe sal ons ooit kan dankie sê vir al hierdie onverdiende goedheid? Voor ons vertrek het ek nog 'n slag deur die kerkgebou gestap, sy mooi orrel bewonder en aan die pragtige houtbanke geraak. Hoeveel kosbare eredienste kon ons daar hou en hoe heerlik het ons daar saam tot eer van die Here gesing. Ons sal dit verskriklik mis.

Ook die huis en tuin moes ons groet. Om so 'n groot huis leeg en skoon te kry was 'n bo-menslike taak (ek het na die tyd vir my en Hettie Superman T-hemde gaan koop). Die oggend toe ons ry en by die hek kom, toe staan die twee Dikkop Kiewiete skielik weer daar. Die paartjie kom broei elke jaar in die tuin en verjaag dan baie kwaai al wat leef en beef van hul nes, maar ons het hulle maande laas gesien. Nou, skielik, staan hulle weer daar, doodstil soos net 'n Dikkop Kiewiet kan - so asof daar niemand is nie en asof niks besig is om te gebeur nie. Hulle staan net en staar. Toe ry ons. Dit was swaar.

Voorspoedig gery tot in Upington waar ons 'n kleinkind kon doop. Dit was 'n mooi geleentheid, maar behalwe vir familie en vriende, was daar (van 'n gemeente van byna 2000 lidmate) op die langnaweek skaars 100 mense in die kerk (dit het seker uitgelek dat ek kom preek). Die orrel werk nie, en ons sing van 'n backtrack af - en boonop gee ek toe ook nog 'n paar Totius-Psalms op - en toe sing dit maar baie trietsig - en daar verlang ek al dadelik na julle wat onder goeie begeleiding so met oorgawe kan sing.

Die GKSA se leuse is mos: “Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie”. Maar het julle al gewonder: Waar is die poorte van die hel? Ons het ontdek waar. Dit is by die doeanekantore op die grens van Suid-Afrika en Namibië. Probeer bietjie jou motor en huisraad uit Suid-Afrika uitvoer en na Namibië invoer. Ondanks drie (baie duur) agente wat alles glad sou laat verloop, maande se voorbereiding en stapels dokumente van allerhande soorte, beland ons daar by die kantore van SARS en NAMRA in die diksand van burokrasie. Daar, in die put van desperaatheid, sit ons saam met tientalle ander en wag, en wag, en wag, terwyl in die onderbemande kantoor, die tydsame amptenare naalde in 'n hooimied probeer vind - om uiteindelik met hulle beminde stempels te bevestig dat daar nie naalde is nie - of dat die naalde wat daar wel is, baie stomp is. Na byna 10 ure kon ons darem vertrek. Die poorte van die hel het ons nie oorweldig nie - maar dit was so hittite.

Maar dan, ons nuwe land Namibië, so mooi deur die Here in sy winterklere getooi in pastelle van beige en blou, afgewissel met skakerings van groen waarvoor daar nog nie woorde bestaan nie. Wye oop vlaktes, skoon lug, goeie paaie, weinig verkeer, vriendelike mense wat ons kom verwelkom. Ons voel so bevoorreg, en uiteindelik het alles tog goed verloop. Hoekom sal ons in die lewe dan net die maklike dinge doen? Nou wag die groot uitpak en nesskrop - maar daaroor berig ons 'n volgende keer.

Met baie liefde en groete, Ds Wim en sr Hettie Vergeer

# PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2025

**SKOLE SLUIT (27 JUNIE)**

29 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant – Ds Neels Malan

6 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant – Ds Kobus van Tonder

13 Julie (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Jesus se afskeidsgebed. Johannes 17 (T = Joh 17:17-21).

20 Julie (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Ons het almal voorbidding nodig! – Kolossense 4:1-18 (T = Kol 4:12).

**SKOLE OPEN (22 JULIE)**

27 Julie
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (1) – Bid met hartlike sugte sonder ophou! Lukas 11:5-13 (T = Ef. 5:18; Luk. 11:13 & HK, Sondag 45, Vraag 116b).
Aand: Dr De Wet – Kerkgeskiedenis – Die geskiedenis van die GK Krugersdorp – God het die kerk gekies, gered en gemerk ...! Efesiërs 1:1-14 (Ef. 1:3).

3 Augustus
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (2) – Hoe en wat moet ons bid? Jesaja 57:14-21; Matteus 6:5-15 (T = Matt. 6:9a).
Aand: Dr De Wet - Die Dordtse Leerreëls – Geskiedenis en ontstaan van die Dordtse Leerreëls – Romeine 5:12-21 (T = 1 Joh. 4:9-10).

10 Augustus
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (3) – Laat U Naam geheilig word. Johannes 12:20-26 (T = Joh. 12:27-28; Matt. 6:9 & HK, Sondag 47, Vraag 122).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 1:1, 2 – Stellend – God verlos ons van die ewige dood! Romeine 3:9-31 (T = Rom. 3:21-24).

17 Augustus
Oggend: Besoekende predikant – ds Cassie Aucamp
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 1:2 – Weerleggend – Die onmisbare skakel in God se genadeketting. Romeine 8:18-30 (T = Rom. 8:29-30)

24 Augustus ((Voorbereiding)
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (4) – Laat U koninkryk kom. Openbaring 19 (T = Matt. 6:10 & HK, Sondag 48. Vraag 123).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 2:3-4 – Stellend – Jesus is dié versoening vir ons sondes! 1 Johannes 1:5-2:2 (T = 1 Joh. 2:2).

31 Augustus (Nagmaal) (Geen aanddiens)
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (5) – Laat U wil geskied. Johannes 4:27-34 (T = Matt. 6:10b & HK, Sondag 49).
Oggend Dankdiens: Dr De Wet – Die Onse Vader (6) – Ons brood vir die dag. Psalm 104:24-30; Markus 6:35-44 (T = Matt. 6:11; Ps. 104:27-29 & HK, Sondag 50).

7 September
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (7) – Vergeef ons ons oortredings! Matteus 6:12; 18:21-35 (T = Matt. 6:12 & HK, Sondag 51).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 2 – Weerleggend – Leef soos kinders van die verbond en laat die verbond in ons leef! Jeremia 31:27-34 (T = Jer. 31:31; Heb. 7:22).

14 September
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (8) – Verlos ons van die Bose! Matteus 4:1-11 (T = Matt. 6:13 & HK, Sondag 52a).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 – Stellend – Die totale verdorwenheid van die mens! Genesis 1:26-31; 6:1-8; 8:20-22 (T = Gen. 6:5-6).

21 September
Oggend: Besoekende predikant – prof HF van Rooy
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4 :4 – Weerleggend – Ons is uit genade, deur geloof gered! Efesiërs 2:1-10 (T = Ef. 2:8).

28 September
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (9) – Aan u behoort die Koninkryk. 1 Kronieke 29:10-30; Matteus 6:1-18 (T = 1 Kron 29:10-13 & HK, Sondag 52b).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls - Hoofstuk 5:1-2 – Stellend & Weerleggend – Dood vir die sonde, maar lewend vir God! Romeine 7:7-25 (T= Rom. 7:24-25).

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

5 Oktober (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff

12 Oktober (Geen aanddiens)
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff

**SKOLE OPEN (13 OKTOBER)**

**Reddersburg**















# Glo en Verstaan (1)

**Johannes 20:8-9**: "*Daarna het die ander dissipel (Johannes), wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en* ***geglo****. Hulle het nog nie die Skrif* ***verstaan*** *dat Jesus uit die dood moet opstaan nie.*"

Die Sondagoggend ná Jesus se kruisiging en nadat Hy in die graf van Josef van Arimatea begrawe is, het Maria Magdalena na die graf gegaan – en dit leeg gevind. Sy gaan sê toe vir Petrus en Johannes wat sy gesien het. Hulle hardloop toe na die graf toe. Johannes kom eerste daar aan, maar gaan nie in nie. Petrus het eerste ingegaan en die doeke gesien waarin Jesus se liggaam toegedraai was, en ook dat Jesus nie in die graf is nie. Johannes het ook ingegaan. En dan hulle reaksie: Hulle het "gesien en **geglo**", maar "**nie** die *Skrif* **verstaan**" wat oor sy opstanding geprofeteer het nie.

Toe Petrus en Johannes nie vir Jesus in die graf sien nie, wat het hulle geglo? Hulle het geglo dat Hy opgestaan het uit die dood. Hy het die dood oorwin. Tydens sy openbare optrede, vóór sy kruisiging, het Hy drie keer vir sy dissipels gesê dat Hy gaan ly en *opstaan uit die dood* (behalwe Lukas die tweede keer). Matteus, Markus en Lukas verhaal al drie dié lydensaankondigings. Ons let net op een daarvan.

- **Lukas 18:32-33**: "*Hy* (die Seun van die mens) *sal uitgelewer word aan die heidene; Hy sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg, Hom gésel en Hom daarna doodmaak. En* ***op die derde dag sal Hy uit die dood opstaan****.*" En kyk nou net wat is hulle reaksie hierop – **Lukas 18:34**: "*Maar van hierdie dinge het hulle* ***niks begryp nie****. Die woorde was vir hulle* ***duister****, en hulle het* ***nie verstaan*** *waaroor Hy praat nie*."

En tog – toe hulle die leë graf sien, het hulle geglo dat Hy die dood oorwin het. Tydens sy openbare optrede het hierdie voormalige vissermanne immers gesien dat Hy die jongman van Nain (Luk. 7:12-15), die dogtertjie van Jaïrus (Luk. 8:54) en Lasarus (Joh. 11:43-44) uit die dood opgewek het. Hulle sien en ervaar: Hy is sterker as die dood. Nóú dat sý graf leeg is, **glo** (!) hulle dat Hy opgestaan het uit die dood, soos Hy vooraf vir hulle gesê Hy gaan doen. Maar helaas – hulle **verstaan** nie.

Wat verstaan hulle nie? Hulle verstaan nie die *Skrifte* nie – die Ou Testament, die profete nie. Toe Hy sy lyding aangekondig het, het Hy uitdruklik vir hulle gesê: **Lukas 18:31**: "*Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die* ***profete*** *oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word*." Die profete – dit wil sê die Ou Testament. Ons lees daar inderdaad van sy opstanding:

- **Psalm 16:10**: "*U gee my nie oor aan die dood nie. U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie.*" Petrus haal juis hierdie teks vir die Jode uit Psalm 16 aan om op Pinkster aan te toon dat dit "*vir die dood onmoontlik was om Hom gevange te hou*" (Hand. 2:24) en omdat "*hy* (Dawid) *die opstanding van Christus vooruit gesien* (het)" (Hand 2:31).
- **Psalm 110:1**: "*Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete*." ('33) "My Here" verwys hier profeties na Jesus Christus. In Handelinge 2:34 haal Petrus ook hierdie Psalm aan binne die konteks van Jesus se opstanding en hemelvaart.
- **Psalm 118:22**: "*Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.*" Wanneer Petrus en Johannes voor die Joodse Raad (Sanhedrin) is, getuig hulle van Jesus, en haal hulle hierdie vers aan en verbind dit direk aan Jesus se dood en opstanding (Hand. 4:11). Jesus Christus is deur die Jode afgekeur, gekruisig, maar deur God as die belangrikste klip in die gebou (sy kerk) geag. Hulle sê in **Handelinge 4:10**: "(Hy is) *dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het*."

Volgende keer kyk ons verder na nog tekste wat die dissipels in die Ou Testament gelees het en geken het, maar hulle kon nie insien dat God daarin oor die opstanding van Christus vir hulle skryf nie. Hulle het wel **geglo** dat Jesus opgestaan het, maar hulle het nie die Skrifte oor sy opstanding **verstaan** nie.

**–** Dr. André Grové

## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van
Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

